


GZNSZEF



MAGALIES

RADIO-AMATEUR KLUB

Maart / April 2011

Vir meer inligting besoek
ons webwerf by
www.zs6mrk.org

Komitee

VOORSITTER

Thys Maree ZS6MJM. 012-332 1451; 082-5656087; mareemj@intekom.co.za

SEKRETARIS

Johann du Plessis ZS6PSS. 012-332 1431; 082-4461 581; telesat@cybersmart.co.za

TESOURIER

Louis Mitchell ZS6LWM. 082-5583817; louis.mitchell@wol.co.za

WEBMEESTER

Thys Maree ZS6MJM. 012-3321451; 082-5656087; mareemj@intekom.co.za

TEGNIËSE Koördineerder

Sam van Zyl ZS6JZ. 082-4472081; samzs6jz@gmail.com

JEUG Koördineerder

Johann du Plessis ZS6PSS. 012-332 1431; 082-4461 581; telesat@cybersmart.co.za

SKAKELBEAMPTÉ

Chris Smit ZS6FCS. 12-3331826; 082-4641007; zs6fcs@telkomsa.net

REDAKTEUR

Marco J Nel ZS6MJ. 0797898686 marconel@vodamail.co.za

INDEKS

2

2. Indeks

3. Jesus in ons lewe

4. Klubsake

5. Veiligheid & wenke

6. Uit toeka se dae

7. Uit toeka se dae vervolg

8. Uit toeka se dae vervolg

9. Antarktika. Vriend of vyand?

10. Raaskerm rekenaar

11. Herdenkings

12. Tegnies

13. Terug na basies met elektronika

14. Wat's te ete?


15. Jongspan

16. MRK toffee's

17. TNT / MRK verlede

18. Kysat-1

19. Laaste gedagte



Baie dankie aan ons borge.
Sonder julle is hierdie
Teenspanning nie moontlik nie.

Jesus in ons lewe

3

Die Chinese bamboesriet. 'n Plant wat met 'n klein saadjie in die grond begin. 'n Plant wat na 'n jaar, buiten vir 'n klein groen stukkie uit die grond, skynbaar omtrent niks gegroei het nie. In die tweede jaar waarin die plant met water gevoed, beskerm en selfs met kunsmis behandel word, is daar steeds min groei. Só ook in die derde en die vierde jaar. Dit is dan, in die vyfde jaar dat iets vreemd met die plant gebeur. In net ses maande skiet die bamboesriet (wat voorheen nog net 'n paar sentimeter bo die grond gestaan het), tot 30 meter die lig in op.

Het die plant binne net ses maande die 30 meter gegroei? Nee, dit het 5 jaar lank geneem. In die eerste vier jaar, waarin dit lyk asof die bamboesriet niks groei nie, is die plant se wortels besig om jaar na jaar dieper in die grond in te sak. Dan, sodra die plant goed gewortel is, begin dit opskiet omdat die plant nou die sterk winde bo in die lug sal kan hanteer.

Ons lewens is baie dieselfde as hierdie bamboesriet. God werk eers aan ons binnekant met ons karakter en integriteit (waar niemand behalwe jyseldit weet nie). Dan, sodra jy gereed en sterk genoeg is begin jy buitekant groei. Skielik kry jy daardie promosie by die werk, ontmoet jy daardie “perfekte lewensmaat” waarvoor jy nog altyd gebid het of val een na die ander ding in plek sodat jy jou eie besigheid kan begin.

Wat het gebeur? Jou tyd het aangebreek.

Vir God is jou karakter die belangrikste. Hy wil altyd eers seker maak dat jy die druk en uitdagings sal kan hanteer wat saammet die volgende seisoen in jou lewe kom, voordat Hy jou bevorder.

Kyk maar na die Bybelhelde. Ieder en elk van hulle wat iets groot vir God vermag het, het eers deur 'n voorbereidingstyd gegaan. Neem byvoorbeeld vir Dawid. Nadat hy as koning gesalf is, moes hy vir sowat 15 jaar lank voor koning Saul en sy manskappe vlug voordat hy eindelik as koning van Israel gekroon kon word. Dit was in daardie tyd, waar hy telkemale in doodsgevaar verkeer het, dat Dawid sy afhanklikheid van God besef het. Luister maar na sy woorde in Psalm 31:15: **“Ek vertrou op U, Here. Ek sê: ‘U is my God. My tye is in U hand.’”**

Dink ook aan Josef. Vir hom was die voorbereidingstyd in 'n koue, stink Egiptiese tronksel. Nadat hy die skinker en bakker se drome uitgelê het, het hy gehoop om gou vrygelaat te word. Hy sou eger vir 'n verdere 2 jaar in die tronk opgesluit bly. Hoekom? Sy karakter was nog nie gereed nie. Psalm 105:19 **“Until the time came to fulfil his dreams, the Lord tested Joseph's character”**. MAAR, toe Josef wel gereed was, kon God hom van 'n gevangene in 'n stink tronksel tot onderkoning van Egipte bevorder – in net een dag.

Selfs Jesus het deur 'n voorbereidingstyd in Sy lewe gegaan. Voor Hy 30 jaar oud was, het Hy nie een wonderteken gedoen nie. Tog, toe die regte tyd aanbreek, het Hy in drie jaar 'n bediening gehad wat tot vandag toe nog hoop aan mense regdeur die wêreld bring.

God is die **TYDBEPALER** – ook van jou lewe. Hy ken jou drome. Hy het dit immers in jou hart geplaas toe Hy jou geskape het. Wanneer jy getrou bly in die klein, alledaagse dinge in jou lewe, is jy besig om vir jou bamboesriet water te gee. Onthou, God hou jou dop. Hy toets jou karakter. As Hy jou getrou bevind mag jou dag om 30 meter die lug in te skiet, dalk net omdat draai wees.

Vader God, baie dankie dat ek nie myself hoef te bekommer oor die dag van môre nie omdat U my lewe in U hande washou. Help my om vandag getrou te bly in die situasie waarin ek myself tans bevind, met die wete dat U vir my die uitkoms op U tyd sal bring. Ek vra dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

- Roepsein:** ZS6MRK
Herhaler: 145.750 MHz. 51.750 MHz. 438.750 MHz. 438.575 MHz.
Posbus: 31653 Waverley 0135
Bank: ABSA Tak 335045
Rek no: Tjek 0600 162020
Klubhuis: h.v. Mills & Breyer laan Waverley
Webblad: www.zs6mrk.org - **volg skakel na ons nuwe webblad!**
E-pos: sekretaris@zs6mrk.org
Byeenkomste: Gewoonlik die 3de Saterdag van elke maand by die Klubhuis behalwe wanneer anders afgekondig
Bulletins: Sondae 11:15 op die onderskeie Herhalers sowel as 14,225MHz ESB.
Echolink via ZS6FCS. (Volg aangeduide skakels)
Woensdae 19:30 heruitsending op 145.750 FM en 3,640 MHz ESB.
Elke 2de Woensdag aand om 19:00 is dit die bulletin van ZS6JVT. Die stem van ons jeug.

Ere-lede

n Groot voorreg het MRK te-beurt geval met die aankondiging van Theo, ZS6ATO as erelid van die Magalies Radioamateur klub.

Theo, jy het met die jare heen bewys dat daar altyd op jou vertrou kan word. Jy deel altyd jou kennis en dra gereeld by tot Teenspanning.

Nog belangriker is dat amateur radio in geheel deur jou oë as 'n passie gesien word. Jy verteenwoordig ons altyd op die Liga se bedrywighede, is altyd vriendelik, hoflik, verdraagsaam en geloofwaardig.

Ons as Magalies Radioamateur Klub is werklik bevoorreg met jou in ons midde en verwelkom jou as ons erelid.

Dit bring ons ere lede tal op vier en watter besondere voorreg was dit dan ook om al vier bymekaar te kon sien met ons Januarie vergadering.



Van links na regs:

Theo Oosthuizen, ZS6ATO. George Honniball, ZS6NE. Marten du Preez, ZS6ZY en Pieter Scholtz ZS6LC.

Deur Johan Nel ZS6JPN

Ek wil net gou weer 'n paar gedagtes laat, wat dalk later vir iemand groot ellende kan spaar.

Onthou dat misdaad in baie vorme voorkom. Jy moet nie slegs bedag wees op iemand wat by jou huis of motor kan inbreek nie. Jy moet vandag voortdurend wawyd wakker wees en oral rondkyk.

Een van ons groot probleme deesdae, is die skelms wat jou skakel, en dit is meesal op jou selfoon, met een of ander lang storie. Gewoonlik klink hulle baie opreg, en sê nogal vir jou van watter Nasionale data basis het hulle jou inligting verkry, en hulle weet dan gewoonlik reeds wat jou adres, bankrekening-nommer en net mooi alles is. Wat hulle egter nie vir jou vertel nie, is dat hulle dit onwettig verkry het, want geen Inligting maatskappy mag jou besonderhede verskaf sonder jou goedkeuring nie.

Hierdie mense het dan gewoonlik vir jou die goeie nuus dat jou naam getrek is vir 'n tamaai groot bedrag geld wat jy reeds gewen het. Hulle wil dan net seker maak van alle feite, sodat die geld na jou rekening oorgeplaas kan word. Dan begin die proses om stelselmatig alle persoonlike inligting uit jou te-trek, en voor jy weet waar is jy, weet hulle alles van jou, en hoe om by jou geld in die bank uit te kom.

Dan is daar nog 'n slenter, en wees baie versigtig vir hierdie een.

Iemand deponeer 'n groot bedrag geld in jou rekening, En die volgende dag word jy geskakel met 'n groot verskoning en vreeslike jammer sê. Ek is nuut by die firma en ek het 'n fout gemaak. Ek het die geld na 'n verkeerde rekening oorgeplaas, of ek het heeltemal te veel geld oor geplaas in U rekening. Sal U nie asb. so gaaf wees om die geld vir ons terug te plaas na hierdie rekening nommer toe, en dan verstrek sy die nommer met 'n huil stemmetjie. Jy kry die ou stemmetjie aan die ander kant jammer, en gaan kyk gou na jou banksake, en wraggies, daar lê die geld waarvan die kind praat. Nou betaal jy gou die ou geldjies vir hulle terug, en siedaar. Weg is jou geld, want hulle het 'n gesteelde of vervalstetjek in jou rekening gedeponeer.

Die geld wys dan dadelik in jou rekening, maar na 'n paar dae kontak die bank jou met die nuus dat hierdie tjek wat jy inbetaal het, niks werd is nie. Moet ook nie dink jy gaan dit regkry om hierdie skelms op te spoor deur daardie rekening nommer waarna jy die geld oorgeplaas het mie. Die spore is klaar dood gevee.

Dan is daar die ou spreekwoord wat sê "Uit die oog is uit die hart" Dit is seker steeds waar, maar voeg maar hierdie een van die Nuwe Suid Afrika ook by jou woordeskat, " In die oog, uit jou besit" Wat beteken dit. As jy jammer is vir iets, steek dit weg.



Donkieskamp dompel oorlewendes in ellende

Uit Bronberger Junie 2007

Met dank aan en skriftelike goedkeuring van "Die Bronberger"

Wie het al ooit van Donkieskamp gehoor? Die plek van ellende, flentertente, krotte en honger het met die Anglo-Boere-oorlog in Pretoria tot stand gekom. Min mense weet dat daar 'n konsentrasiekamp by Meintjieskop was en dat vlugtelingen en inwoners met geen ander heencome nie, na die oorlog in ellende in die kamp se omgewing agtergebly het.

As Bronbergers gevra word watter konsentrasiekampe die naaste aan ons gebied is, noem hulle gewoonlik die bekende Irene en Balmoral kampe. Hoekom weet so min mense van die konsentrasiekamp by Meintjieskop en van die gebeure na die kamp ontbind is? Die antwoord het waarskynlik te doen met die feit dat die kamp slegs elf maande bestaan het en nooit tot sy maksimum gevul was nie. Die groter kampe het hul bekendheid te danke aan die groot kerkhove wat vandag dien as die kampe se monumente. Die kerkhove was die resultaat van swak gesondheidstoestande, swak

behuising, en gebreke in die kampadministrasie. Sulke toestande was feitlik in Meintjieskopkamp afwesig waar slegs agt mense tot sterwe gekom het. Hulle is blykbaar elders begrawe want daar bestaan vandag geen kampkerkhof in die omgewing nie. Die naaste was die een aan die oostekant van Hove's Driif, wat 'n aantal jaar gelede verskuif is.

Navorsing oor Meintjieskopkamp se ontstaan en ontbinding sowel as uittreksels uit briewe en oorlogsdagboeke van mense wat in die kamp was, het onlangs in Rosa Swanepoel se maandelikse nuusbrief verskyn.

Die kamp is gestig toe die Britse parlement in 1901 besluit het dat geen kamp se inwonertal die drieduisend merk mag oorskry nie. Irenekamp se ekstra mense sou na 'n nuwe kamp op Olifantsfontein gestuur word. Dit het nooit gebeur nie omdat die Meintjieskopkamp op 11 Januarie 1902 aangelê is.



Baie mense het na die oorlog in Donkieskamp aangebly omdat hulle geen heencome gehad het nie

Vervolg op bladsy 7

Kordon

Meintjieskopkamp het binne die kordon van blokhuisse wat Pretoria omring het, geval en het van die dorp se sanitêre geriewe gebruik. Bo-op die randjie, waarskynlik waar Brynterion vandag is, was 'n wagtterskuiling wat as "Johnston's Redoubt" bekend gestaan het. Majoor Hoskins het Meintjieskopkamp net onder die waghuis uitgelê.

Die eerste groepie inwoners van Meintjieskopkamp is aanvanklik eers naby Bronkhorstspuit in 'n klein kampie gehuisves. Daarna is hulle Pretoria toe gebring en het 'n tyd lank by Hove's Drif gewoon.

In die oorlogsdagboek van Anna Cillie in die Pretoriana No.79, staan die volgende inskrywing by 12 Oktober 1901: "En toe ons weer sien gaan ons wa saam met al die ander na van der Hovensdri ft Kamp.... almal moet in die kamp afgelaai word. Daarvandaan kan ons plan maak om weer uit te kom..... Hier waar 'n paar honderd tente staan word die mense uigesoek en na verskillende plekke gestuur."

"Vrouens van wie die mans nog veg, gaan na kampe in Natal. Weduwees en vrouens wie se mans gevang is, gaan na Irene. Die wat vir hulle self kan sorg mag - as dit toegelaat word - op applikasie in Pretoria gaan woon." In Februarie 1902 skryf Anna: "Uit ons kamp is vier of vyf vrouens met hul kinders na die gewese vrouekamp (van der Hovensdri ft) gebring. Margarieta en ek het hulle gaan opsoek. Nou het ons nie meer 'n permit of pas nodig nie want die kamp is verander in 'n 'joiner-kamp'. Die gesinne wat vir die Engelse werk woon nou daar..."

In die lewensbeskrywing van HS Bosman word daar verwys na: "... 'n ander 'refugee camp' wat van 11 Januarie tot 15 Desember 1902 teen die hang van Meintjieskop in die omgewing van die huidige Brynterion bestaan het. Op 'n stadium was daar 650 vroue en kinders van mans wat met die vyand saamwerk of self die Britse leër

gedien het. Na die vrede is ook 'n aantal 'National Scouts' saam met die vroue daar gehuisves." Blykbaar het die 'National Scouts' eers gedurende Mei 1902 hulle opwagting in die kamp gemaak omdat hulle eenheid in daardie stadium ontbind is. Dit wil voorkom asof sommige van die latere inwoners van Meintjieskopkamp, veral nadat die vrede gesluit is, nie aan die 'National Scouts' behoort het nie. Hulle was egter ver in die minderheid.

Uitleg

Meintjieskopkamp was skaars uitgelê, toe die nuwe direkteur van die Transvaalse kampadministrasie, majoor SJ Thompson, na 'n besoek aan die kamp opdrag gegee het dat die kamp feitlik oor uitgelê moet word. Die latrines, bad - en wasplekke asook die hospitaal moes na ander posisies binne die kampgrens verskuif word. Die verskuiwing was harde werk omdat die terrein baie klipperig was. Die werk is deur 'n twintigtal swart arbeiders, wat 'n korporaal Standers by Rietfontein gaan haal het, verrig. Hulle het skaars twee maande in die kamp gewerk toe hulle die kampowerheid in kennis stel dat oestyd binnekort gaan aanbreek en dat hulle wil vertrek. Die kampsuperintendent was in 'n penarie omdat daar geen mans in die kamp was nie en ook geen hoop om ander arbeiders in hulle plek te kry nie. Hulle het hul daaglikse loon vehoog maar die verhoging het slegs hulle vertrekdatum met 'n maand uitgestel. Voordat die superintendent weer met hulle kon onderhandel, was hulle skoonveld. Baie van die geboue was onvoltooid. Die hospitaal- en skooltente het nog geen vloere gehad nie en omdat hulle daaglik gebruik is, het die grond sommer gou tot stof gemaal. Die enigste uitweg was om 'n paar vroue te nader om 'n kleivloer te lê.

Teen 'n vergoeding van 15/- het die vrouens die twee groot tente wat as skoolvertreкке moes dien, van 'n vloer voorsien. Die superintendent kon hiema geen vrou meer oorreed om ook vir die hospitaal 'n vloer telê nie. Uiteindelik het vier seuns hom tegemoet gekom en dit vir £1 gedoen. Die superintendent wou aanvanklik 'n apartent as kerkgebou oprig, maar die inwoners het dit van die hand gewys omdat hulle een van die skooltente daarvoor gebruik het.

Anders as in die ander kampe, het geen predikant in Meintjieskopkamp kom dienste hou nie. Dit was nie 'n geval dat geen predikant beskikbaar was nie, want ds. HS Bosman van Pretoria het toestemming van die militêre goewener gehad om elke tweede week 'n besoek aan die Irene-konsentrasiekamp te bring. Met die stigting van die kamp was MJ Stucke die opsigter. In Februarie is hy deur majoor AM Lloyd vervang wat tot die einde van die kamp se bestaan as superintendent opgetree het. 'n Paar klekke het hom met administratiewe pligte bygestaan.

Dr. T Moffat was aanvanklik die kamp se genesheer maar is later deur dr. J Wotherspoon, voorheen van die Irenekamp, en dr. Pearce opgevolg.

Die konsentrasiekamp by Meintjieskop is op 15 Desember 1902 gesluit. Sommige mense wat na die oorlog geen heencome gehad nie, het egter aangebly al is die kamp nie meer deur die regering onderhou nie.

Donkieskamp

Daar is mense wat sê dat die kamp toe die naam van Donkieskamp gekry het. Andersê weer dat die inwoners Donkieskamp toe getrek het. Donkieskamp was by Hove's Drift en het 'n groot deel ingesluit van wat vandag die Pretoriase Akademie Hospitaal se gronde is. Blykbaar is dit Donkieskamp genoem omdat armblanke daar gebly het onder haglike toestande. Elke inwoner het een of meer donkies besit.

Volgens die herinnering van Leon Zeiler, het baie mense Pretoria toe gevlug in die dae toe die Engelse oorlog aan die gang was. Hy sê dat die Doppers met ossewaens en ander rytuie by die Doppervlak aangekom het. Agter die kerk was 'n groot saal en oop veld waar hulle

uitgespan en tente opgeslaan het. Ander het plek gekry binne in die saal en die banke was so geskuif dat elke familie sy eie plekkie gehad het. Vlugtelinge wat nie in Pretoria kon plek kry nie, het 'n soort kamp gemaak by Hove's Drift naby die plek waar die hospitaal vandag is. Die mense het blykbaar baie swaar gekry en het in krotte, skermes en flentertente gewoon.

Toe die Engelse Pretoria inneem, is die kos baie skraps gerantsoeneer, en elkeen moes dit self gaan haal met sy waentjie. Die plek waar hulle dit ontvang het, was op die hoek van Andries en Skinnerstraat.

Vuurmaakhout was byna onverkrygbaar en water moes uit 'n put gehaal word digby die Apiesrivier. Die meeste mense het net blikke gehad om kos in te kook en water mee aan te dra. Daar was dik modder vir omtrent twaalf tree om die put wat veroorsaak is deur die Engelse waterkarre, en die mense met hul blikkies moes dan maar geduldig wag om 'n bietjie water te kry as die waterkarre vertrek het.

Leon Zeiler het later geskryf: "....ek sien nou nog oumense, vroue en kinders deur die modder sukkel."


"Dikwels het ek saam met die kinders veld toe gestap om bietjie hout te soek, en terug by die armoedige kamp sien ek moeders wat bietjie kos in blikkies kook. Die ellende wat ek as kind gesien het, het ek nie die gawe om te beskryf nie, maar nooit kan ek dit vergeet nie," skryf Leon. Donkieskamp is eers na 1910 opegeruim.



Dit lyk soos 'n Kakie wat in die voorgrond staan met 'n baie kaal Meintjieskop in die agtergrond
Foto's: Rosa Swanepoel se nuusbrieff

Met dank aan en skriftelike goedkeuring van 'Die Bronberger'.

ANTARKTIKA - VRIEND OF VYAND?



Deur Marten du Preez ZS6ZY

Die bekende Afrikaanse gesegde: JA,-NEE, kan hier as antwoord dien, want albei is reg. JA, - as jy hom respekteer as 'n aardse wonder met alles wat daarmee saamhang, maar NEE, as jy nie gehoor gee aan dit wat hy van jou vereis nie. Hierdie stellings sal later toegelig word.

HISTORIESE AGTERGROND

Die hoofdoel van die besoek aan Antarktika gedurende Januarie 1997 was om die inlywing van SANAE IV basis by te woon. Die vorige drie basisse was op die ys-bank gebou en sal jaarliks met ongeveer een meter in die sneeu af. Ter verduideliking is die meganisme soos volg: ongeveer een meter sneeu val jaarliks by SANAE en die natuurwet bepaal dat die see ongeveer een meter sneeu onder die ysbank wegsmeelt. Gevolglik bly die sneeu-oppervlakte bo seespieël by SANAE basies dieselfde, maar die basis sak gaandeweg dieper onder die sneeu weg en na ongeveer 300 jaar val dit in die see onder die ysbank, want die ysbank is ongeveer 300 meter dik. Na ongeveer tien jaar het die basis dan 10 meter in die sneeu afgesak en word die geboue deur die gewig van die sneeu so inmekaar gedruk dat dit nie meer bewoonbaar is nie. Daarbenewens word dit funksioneel onprakties om elke keer 10 meter trappe uit te klim as buite gewerk word. Ook die inbring van voorrade in die basis skep groot probleme want om 'n skag te bou, wat groot genoeg is waarin voorrade neergelaat kan word, het praktiese implikasies. Die koste om 'n basis te bou is baie groot en om dit elke tien jaar te vervang verg baie sorgvuldige beplanning en gaan baie

apparaat en voorraad wat nie uit die ou basis verwyder kan word nie, verlore. Daarom is besluit om SANAE IV op 'n bergplato te bou, waar dit vir tot 50 jaar diensbaar sal wees. Maar kom ons keer terug na Kaapstad waar ons reis begin het.

DIE REIS NA ANTARKTIKA

Op 7 Januarie het die skip Agulhas van 500 ton met 78 gaste aan boord uit Kaapstad vertrek. Onder die gaste was daar 'n aantal verslaggewers van verskillende koerante, 'n lugmag bemanning van tien persone wat die twee helikopters bedryf het en senior amptenare van verskillende Departemente. Ek was genooi omdat die derde ekspedisie in 1962, waarvan ek die leier was, SANAE I basis opgerig het.

Voor die vertrek uit die Kaap het Henry Chamberlain, ZS1AAZ, my gehelp om my radio-apparaat in 'n laboratorium te installeer. Dit het bestaan uit 'n Kenwood TS 130-S sendontvanger met bypassende kragbron. Dit is met toue op die werkbank vasgemaak sodat dit nie in die onstuimige see sal rondskuif en beskadig word nie. Die twee dipool-antennas vir 20 en 30 meter het ek tussen die skoorsteen en agterstewe van die skip gespan.

Vervolg in volgende 6 Teenspannings

Jy stap in by jou huis na 'n asemrowende vakansie in die wildernis... jy sit jou relatief nuwe digitale kamera, propvol foto's van jou gesin se avonture, op die koffietafel neer en daar *vlieg* honderde herinneringe voor jou oë van die kamera af tot op die tafelblad! Ouma Susie het ook gou kom inloer en wil graag 'n paar foto's van die kinders hê om vir haar vriendinne by die naaldwerkklub te wys, so jy vra haar om haar selfoon op die tafel neer te sit en siedaar – tien oulike kiekies vlieg binne 'n oogwink oor tot op die foon...

Dit raak al laat en almal is honger, maar wat gaan die maklikste en vinnigste wees om nou te maak vir aandete, met die paar goedjies wat oor is in jou koskaste? Geen probleem nie! Roep so 'n paar spyskaarte en resepte op die kombuistafel op en sommer gou-gou versprei die heerlike geure van die stoof af deur die res van die huis, soos wat 'n koningsmaal begin vorm aanneem... Klink dit asof ek 'n ooraktiewe verbeelding het? Miskien het ek... maar dit is 'n heel ander storie. Wat *hierdie* storie betref is my entoesiasme gegrond op feite – wetenskaplike feite!

Ek weet dat ek self al vir Microsoft baie gekritiseer het oor hul gebrek aan oorspronklike idees en innovering, maar hier moet ons (ek ingesluit) vir hulle 'n pluimpie gee, want die stukkie tegnologie gaan ongetwyfeld 'n omwenteling in mense se lewenswyse te weeg bring! Hoe die ding basies werk is jy het 'n tafel met 'n ingeboude rekenaar, kameras en sensors onder die blad wat soos 'n baie intelligente skandeerder werk en wanneer mens byvoorbeeld 'n digitale kamera op die tafel neersit, lees die kameras 'n digitale "etiket" in die toestel om uit te vind wat dit is. Daarna neem dit die toepaslike aksie... Net so gaan eetplekke ook baatvind hierby, want dit sal moontlik wees vir klante om 'n spyskaart op die tafel op te roep, hul bestelling te plaas en dan op daardie selfde tafel te eet! Wat dit nog meer besonders maak, is die veelvuldige-interaksiepunt-tegnologie wat meer as een persoon in staat stel om gelyktydig daarop te werk. Dus kan jy (anders as op huidige rekenaars) verskeie opdragte aan die rekenaar (tafel) gee op *presies dieselfde tyd*. Microsoft het blykbaar Windows Vista geneem en bietjie aangepas om op die tafel te werk... (eers venters, nou tafels... wat is volgende?). Die enigste rede hoekom ek nie dadelik sal hardloop en een gaan koop nie, is die prys: Ongeveer R35,000 vir die "goedkoop" model, en R70,000 vir die duurder een!!!

So dit wat ek nou gaan sê kan moontlik swaar donderstorms of selfs sneeu by die Ewenaar veroorsaak, maar ek moet dit sê: Mooi so, Microsoft! Dit lyk of die toekoms reeds hier is.



Herdenkings

VERJAARSDAE:

- 01 Maart verjaarsdag van Thurston ZR6TS
- 01 Maart verjaarsdag van Elsa Dogter van Johan ZS6JPL en Elmarie ZR6AXF
- 01 Maart verjaarsdag van Albert Seun van Johan ZS6JPL en Elmarie ZR6AXF
- 02 Maart verjaarsdag van Lennon Seun van Nico ZS6OI en Cynillene
- 02 Maart verjaarsdag van Anita Dogter van Pieter ZS6LC en Louise
- 03 Maart verjaarsdag van Annemarie LV van Willie ZR6WF
- 07 Maart verjaarsdag van Nicole Kleindogter van Louis ZS6BUS en Katy
- 07 Maart verjaarsdag van Issabel Dogter van Willie ZR6WF en Annemarie
- 07 Maart verjaarsdag van Francois Seun van Dawie ZS6ZA
- 07 Maart verjaarsdag van Dina LV van Gert ZS6GVE
- 08 Maart verjaarsdag van Nikita Kleindogter van Johan ZS6JPN en Jenny ZS6JWN
- 08 Maart verjaarsdag van Nikita Dogter van Marco ZS6MJ en Andriette ZS6AN
- 17 Maart verjaarsdag van Pieter ZS6BVT
- 18 Maart verjaarsdag van Gertie LV van Marten ZS6ZY (*Oorlede maar steeds in ons harte*)
- 19 Maart verjaarsdag van Mamix ZS6MCM
- 19 Maart verjaarsdag van Andreas Kleinseun van Pieter ZS6LC en Louise
- 20 Maart verjaarsdag van Ansie Dogter van Dawie ZS6ZA
- 20 Maart verjaarsdag van Wilna Dogter van Dawie ZS6ZA
- 25 Maart verjaarsdag van Cyrillene LV van Nico ZS6OI
- 25 Maart verjaarsdag van San-Mari Dogter van Paul ZS6PR en Cecilie ZS6CJR
- 25 Maart verjaarsdag van Kobie LV van Johann ZS6PSS
- 26 Maart verjaarsdag van Bemadette Dogter van Pieter ZR6KSA en Bemice
- 29 Maart verjaarsdag van Anel Dogter van Andr□ ZR6MAW en Elmarie ZR6ELM
- 29 Maart verjaarsdag van Johan Seun van Ams ZS6YV en Max ZS6BJT
- 31 Maart verjaarsdag van Vnette Kleindogter van Johan ZS6JPN en Jenny ZS6JWN
- 07 April verjaarsdag van Ryno Seun van Johan ZS6JPN en Jenny ZS6JWN
- 08 April verjaarsdag van Leani Dogter van Louis ZS6LWM en Marietjie
- 08 April verjaarsdag van Ruan Seun van Hannes ZS6JDE en Elmarie
- 09 April verjaarsdag van Brandon Kleinseun van Johann ZS6PSS en Kobie
- 11 April verjaarsdag van Giani Dogter van Louis ZS6BUS en Katy
- 12 April verjaarsdag van Retha LV van Fanie ZR6AQ
- 15 April verjaarsdag van Liam Seun van Louis ZS6LWM en Marietjie
- 25 April verjaarsdag van Riaan ZS6BAR
- 26 April verjaarsdag van Marlise Kleindogter van Marten ZS6ZY en (oorlede) Gertie
- 28 April verjaarsdag van Anette Skoondogter van Johan ZS6JPN en Jenny ZS6JWN
- 02 Mei verjaarsdag van Chris ZS6LOG
- 02 Mei verjaarsdag van Michelle LV van Thurston ZR6TS

HUWELIKS HERDENKINGS:

- 01 Maart herdenking van Theo ZS6ATO en Bets
- 06 Maart herdenking van Roelf ZS6ARR en (oorlede) Joey
- 13 Maart herdenking van Pieter ZR6KSA en Bemice
- 16 Maart herdenking van Douwe ZR6DOU en Jenny
- 20 Maart herdenking van Johann ZS6PSS en Kobie
- 24 Maart herdenking van Thomas ZS6TJS en Ronel
- 30 April herdenking van Nick ZR6NSP en Louisa

As jy lid van die klub is & jou naam nie hier genoem is nie, laat weet asseblief enige komitee lid dat ons dit kan regstel en ons databasis kan bywerk!


MAAK 'N KRISTALTOETSER

Deur Johan ZS1RX

Dikwels wonder 'n mens of die kristal wat hy gebruik werk of stukkend is.

Soms is daar 'n paar kristalle wat êrens in die laai lê, maar u is nie seker of die kristalle nog werk nie. Hier is 'n eenvoudige stroom baantjie om sulke kristalle te toets.

Die transistor en die komponente rondom hom maak 'n ossillator. Indien die kristal nog werk is daar 'n sinusgolf uitset by die 33pF kapasitor. Hierdie uitset word met die 100uA meter gemeet. Hierdie stroombaan is maklik om te bou en kan gedurende 'n middag gebou word.



Bou dit en geniet dit!

 Amateur Radio Division of Vertex Standard			
<h3>Amateur Electronic Supplies</h3> <p><i>Jou Bekostigbare Amateur Radio Handelaar</i> Johan Lehmann ZS6JPL 083 3008677 / 012 8413648 aesham@telkomsa.net</p>			
			
			

Vervolg vanaf Teenspanning
Januarie / Februarie 2011

In ons analogie met 'n waterpyp, indien jy 'n "T - aansluiting" in 'n pyp sit, dan moet die hoeveelheid water wat by twee openings uitvloei gelyk wees aan die water wat

by een opening invloei aangesien die water wat invloei iewers heen moet gaan en dit nie in die T-aansluiting kan akkumuleer nie.

Dus het ons in die diagram hierbo $I_{IN} = I_1 + I_2$


Met verwysing nou na die punt waar I_1 en I_2 saamkom om I_{UIT} , te vorm, kan ons weer Kirchoff se stroomwet toepas wat sê dat die som van die strome wat na die punt invloei, in hierdie geval – dit is, $I_1 + I_2$ – moet gelyk wees aan die som van die strome wat uit die punt wegvloei, in hierdie geval net I_{UIT} . Dus gee hierdie toepassing van Kirchoff se stroom wet ons $I_1 + I_2 = I_{UIT}$

Aangesien beide vergelykings " $I_1 + I_2$ " aan een kant van die gelykaanteken het, kan ons die twee kombineer en dit gee $I_{IN} = I_{UIT}$

wat sin maak aangesien die lading wat aan die linkerkant invloei iewers heen moet gaan en die enigste plek waarheen dit kan gaan is om aan die regterkant van die diagram uit te vloei.

Die tweede wet van Kirchoff, is Kirchoff se spanningswet. Dit kan op twee verskillende maar ekwivalente maniere geformuleer word. Die eerste manier, wat ek die mees gebruiksvriendelike vind, is as volg:

Kirchoff se Spannings wet (1): Die spanning tussen enige twee punte in 'n kring is gelyk aan die som van die spanningsvolle in enige baan wat die twee punte verbind.



Dit vereis 'n verduideliking. Beskou die kring hieronder.

Die simbool aan die linkerkant van die diagram verteenwoordig 'n battery. Die lang lyn stel altyd die positiewe pool voor wat ek "+" gemerk het om dit duidelik te stel. Ek toon ook die battery spanning as V_B aan. Die battery lewer 'n spanning oor R_1 en R_2 , wat in

"serie" verbind is, en ook oor R_3 , wat "in parallel" met R_1 en R_2 verbind is.

Die spanning wat deur die battery aangewend word sal stroomvloei deur R_1 en R_2 veroorsaak, en 'n ander, (heel waarskynlik verskillende) stroom deur R_3 . Ons weet egter van Ohm se wet dat wanneer 'n stroom deur 'n weerstand vloei, daar 'n spanning oor die weerstand is. Die spanning oor 'n weerstand word dikwels 'n "spanningsval" genoem en ek het die spanningsvolle oor die weerstande R_1 , R_2 en R_3 as V_1 , V_2 en V_3 respektiewelik aangedui. Die lyne met pylpunte dui aan oor watter punte die spanningsvolle voorkom. Let op dat ooreenkomstig konvensie die pylpunte na die positiewe rigting wys, wat beteken dat die pyl in die teenoorgestelde rigting wys as wat die stroom in die baan vloei. (In hierdie kring vloei die strome in die weerstande almal van bo na onder).

Spanningsval: die potensiaalverskil oor 'n komponent soos 'n weerstand wat ontstaan as gevolg van stroom wat deur die komponent vloei.



Wat's te ete?

14

Om die braaivuur

BRAAISOUS

1 ui, in ringe gesny
10ml olie
150ml water
30ml Worcester-sous
10ml mosterd

1 knoffelhuisie, gekneus
200ml tamatiesous
75ml bruinsuiker
5ml sout

Soteer uie en knoffel in olie tot deurskynend. Voeg die res van die bestandele by en prut vir 5 minute. Heerlik saam met oor die kole gebraaide hamburgerkookies.

ASBROOD

750ml bruisbroodmeel
10ml bakpoeier
500ml karringmelk

25ml witbroodmeel
2.5ml sout



Meng droë bestandele en maak aan met karringmelk. Druk deeg plat (± 3 cm dik) op 'n groot stuk aluminium foelie. Vou dig toe in foelie maar laat ruimte om te rys. Plaas op half uitgebrande kole en gooi toe met oorblywende kole. Bak ongeveer 45 minute.

VARKRIBBETJIE OOR KOLE

2kg varkkortribbetjies ("spare ribs") in porsies gesaag
sout en varsgemaalde swartpeper na smaak

MARINADE:

2 uie, gekap
500ml rooibostee
250ml tamatiesous
75ml Worcester-sous
10ml aangemaakte mosterd

3 knoffelhuisies, fyngedruk
250ml kookolie
250ml blatjang
125ml wynasyn of asyn

Meng die marinadebestandele in 'n kastrol. Verhit tot kookpunt en prut 'n paar minute lank. Laat afkoel. Giet die koue marinade oor die ribbetjies en marineer oornag in die yskas. Verwyder die ribbetjie uit die marinade en druk droog met kombuispapier. Rooster ribbetjie 20-25 minute lank oor matige kole. Geur met sout en peper.

Voorsien deur Jenny, ZS6JWN

Pret met lig: maak lig met suurlemoene

- JY wil 'n liggie laat brand, maar al jou flitselle is dood en jy het niks om die krag te verskaf nie. Hoe nou gemaak? As dit suurlemoentyd is, het jy die antwoord...

Benodighede:

- Stukkies egte sink—die beste bron is gewone flitselle (nie die langewe-tipe nie).
- Stukkies koper of aluminium. Koperpyp, muntstukke, koper-plaat of dik koperdraad werk almal ewe goed.
- 'n Aantal suurlemoene.
- 'n Liggewende diode (glimdiode).
- 'n Paar stukkies verbindingsdraad.
- 'n Paar vuurhoutjies of tandestokkies kan ook nuttig wees.

Metode:

Sny die suurlemoene in halwes of kwarte en druk 'n koperplaatjie en 'n sinkplaatjie in elke stuk suurlemoen. Die koper- en sinkplaatjie in die suurlemoen moet nie aanmekaar raak nie, want dit sal 'n kortsluiting veroorsaak.

Die tandestokkies kan deur die suurlemoen se skil gedruk word, sodat dit nie omkantel nie.

Nou moet 'n aantal suurlemoene in serie aanmekaar verbind word om 'n battery te vorm.

In serie beteken dat die eerste suurlemoen se sink-elektrode aan die tweede een se koper-elektrode verbind word. Die tweede se sink word aan die derde se koper verbind en so aan.

Dit beteken dat daar op die ou end 'n oop koper-elektrode by die eerste suurlemoen en 'n oop sink-elektrode by die laaste suurlemoen is.

Die twee oop elektodes word aan die twee draadjies van die glimdiode verbind.

As dit nie lig gee nie, moet die draadjies net omgeruil word. (Die negatief van die glimdiode moet aan die sink en die positief aan die koper verbind word.)

Omdat dit moeilik is om die plaatjies aanmekaar te verbind, kan jy 'n elektriese verbindingsdraadjie aan elke plaatjie vassoldeer. Dit is dan kinderspeletjies om die draadjies reg te koppel.

Hoe groter die plaatjies, hoe meer stroom (ampère) word opgewek.

Hoe meer suurlemoene in serie verbind word, hoe groter die spanning (volts) wat opgewek word.

Enige twee metale kan gebruik word bv. yster, chroom, lood, ens.

- DIE eerste persoon wat dit gedemonstreer het, was die Italianer Alessandro Volta, wat in 1745 op die dorpie Como in Noord-Italië gebore is. Die term volt is na hom genoem.

**Erkenning aan Hoezit.
Jeug tydskrif van ATKV.
Skriftelike goedkeuring vir
herpublikasie.**

MRK Trofee's

16

FIETSWEDRENTROFEE

Hierdie trofee is geskenk deur die fiets wedren klubs Speke en Cypro en sovêr bekend vir die eerste keer in 2000 in gebruik geneem.

In die grondwet staan opgeteken onder 9.1.10:

Fietswedrentrofee: [Bygevoeg by AJV van 22-9-2001]

9.1.10.1.

Die hoof trofee word toegeken vir onbaatsugtige hulpverlening gedurende fietswedren kommunikasie.

Hierdie trofee is nie aan iemand toegeken in 2009 nie aangesien geen kommunikasie aan fietswedrenne verleen is nie a.g.v. Selfoondienste wat in gebruik geneem is.



**COMPUTER SWOP
& REPAIRS**

JAN BROODRYK
072 1494 086

877 H/V BEN SWART
& 24 STE LAAN
VILLIERIA

A stylized illustration of a computer setup. It includes a CRT monitor, a keyboard, and a mouse, all resting on a yellow, hand-like shape. The background of the illustration is blue and white.

HAMNET geneem uit Teenspanning Oktober 1974.

Hamnet bulletins word uitgesaai op Sondaes om 12.00 op 'n frekwensie van 7,100 Khz.

Op Maandae om 20.00 op 'n frekwensie van 3,700 Khz op die H.F. kanale en op die T.N.T. en Johannesburg B.H.F. herhaler.

Daar word gehoop om teen 3 November die Hamnet bulletin ook op R.T.D. uit te saai – dit sal waarskynlik Sondagoggend wees, ongeveer 08.00, op 'n frekwensie wat nog later bekend gemaak sal word.



Die foto hierbo is in 1973 geneem terwyl die manne by die boonste kabelspoorstasie 'n ooreenkoms vir die gebruik van die huisie vir TNT se herhaler, beding het en is oorgeneem uit die gedrukte program vir die AJV/kersboom gehou te Rondalia Oog van 3-4 November 1973. (verskoon asb. die kwaliteit)

Kysat-1

18

Ham radio help requested for KySat-1 launch

Samir Rawashdeh KI4KXM brings news of Amateur Radio satellite **KySat-1**, due to be launched February 23.

*Samir Rawashdeh KI4KXM het laat weet dat die Amateur Radio satelliet genaamd **Kysat-1** op 23 Februarie 2008 gelanseer sou word. Soos jy moontlik weet is Kysat-1 saam met Cubesats (ander satelliet) van die Montana Staats universiteit en universiteit van Colorado gelanseer vanaf Vandenburg. Soos met alle satelliet sendings, is alle terugvoering aangaande kommunikasie met die satelliet baie belangrik om die projek se sukses te bepaal.*

Radioamateurs word aangemoedig om met Kysat-1 kontak te maak. Vir meer inligting van die Bakens, satelliet sendings en status gaan gerus na die volgende internet skakel: <http://ssl.engineering.uky.edu/kysat1/>

73's de Samir Rawashdeh, KI4KXM

PhD Student

Space Systems Laboratory
Electrical & Computer Engineering
University of Kentucky



KySat-1 Beacon 436.790 MHz
FM modulated pseudo-CW beacon
every five minutes.

The frequency of the audio signal
is 400 Hz @ 32 wpm

FM modulated AX.25 encoded
digital beacon every 2.5 minutes.
It carries a digital camera and has
a high bandwidth S-band downlink.

KySat-1 on Twitter: <http://www.twitter.com/KySpace>

KySat-1 on the IARU Satellite Frequency Coordination
pages

[http://www.amsatuk.me.uk/iaru/
finished_detail.php?serialnum=102](http://www.amsatuk.me.uk/iaru/finished_detail.php?serialnum=102)

Ingedien deur Gordon
Vertaal deur Marco ZS6MJ
Inligting vanaf Southgate
Radioamateur Klub

Interessante feite

Eerste satelliet wat in Kentucky gebou is. Kubus-vormige Pico-sat. Weeg 1kilogram en meet 100mm x 100mm per kant. Verwagte lewens tyd is 18 tot 24 maande. Solarkrag as energiebron.

Laaste gedagte

19

DIE enigste pad na die ewigheid -- al wil baie moderne teologiese denkers dit anders hê - is die pad van Jesus Christus. Niemand bereik die Vader behalwe deur Hom nie. Dit lees ons baie duidelik in die Bybel (Joh. 14:6). Dit is die eksklusiwiteit van die Christendom.

Laat ons toegee dat daar oënskynlik talle "goeie" mense uit ander gelowe kan wees ('n Christen kan selfs hul gesindhede en dade bewonder) maar ons mag nie dink dat hulle ook maar net op hul besondere en eiesoortige manier na die waarheid onderweg is nie.

Kortom, ons durf nie sê dat daar verskillende paaie na God is nie.

As dit so was, dan was ons dierbare Christus se hoogste offer aan die Kruis mos nie werklik nodig nie.

Dan sou 'n mens immers die ewigheid deur ander weë ook kon bereik.

Dan sou Golgota verwater tot slegs een van die poorte na die eindelose heerlikheid, pleks van DIE poort te wees, die enkele, die uitsluitlike, die sentrale, die wesentliche en noodsaaklike, die eksklusiewe heenwysing na die mens se een geluksalige eindbestemming: die onbeskryflike en wonderlike hiernaams in absolute volkomendheid by ons God.

Dalk het jy kollegas, kennisse, bure of wie ook al wat 'n heidense godsdienst aanhang. Jy sien hoe verbete hulle wroeg en stry om deur hul goeie dade die plek van die geseëdes te bereik. Ja, hulle is dan sulke "voorbeeldige" mense. Is hulle nietemin verlore vir tyd en ewigheid?

Presies hoe God hulle sal oordeel, kan ons vandag in ons eie onvolkomendheid nie weet nie. Tog het iemand al êrens in dié verband geskryf dat ons nie 'n perk moet plaas op God se genade nie. Wat wel waar is, is dat elke mens by die Kruis sal moet uitkom om deur Christus sy God te vind, anders is geen redding hoegenaamde moontlik nie.

Want Hy is die enigste Waarheid.

En die enigste Lewe.
En die enigste Weg.

Moenie dat iemand jou ooit mislei en van hierdie allerbelangrikste wete beroof nie.



PAINT FACTORY^{cc}
Val No. 4590177863 **ART SHOP** CK 96/053493/23

Danie Bisschoff
083 235 0970

Tel: 012 351 3092 Fax: 012 351 3234
Frederikastraat Tussen 14de & 15de laan
Rietfontein
paintfactory@telkomsa.net

